


271 Monte Carlo Crescent
Kyalami Park
KYALAMI, 1684
Telephone +27 (11) 466-3841
Fax +27 (11) 466 3849
E-mail: info@bohlweki.co.za
Web Site: www.bohlweki.co.za



PO Box 11784
Vorna Valley
MIDRAND
1686
Gauteng
SOUTH AFRICA

29 Julie 2005

Mnr. Van Tonder
Eienaar: Plaas Hooikraal
Posbus 377
Lephalale
0555

Geagte Mnr. Van Tonder

**OMGEWINGSIMPAKSTUDIE VIR DIE VOORGESTELDE NUWE STEENKOOL
AANGEDREWE KRAGSTASIE IN DIE LEPHALALE AREA, LIMPOPO
PROVINSIE**

U vergadering met Me. Ingrid Snyman van Bohlweki Environmental op 23 Junie 2005 het verwysing.

Agtergrondinligting rakende die projek en Omgewingsimpakbepaling studie (OIB) is aan u verskaf. U kommentaar rakende die voorgestelde projek is as volg genotuleer:

- U boer met beeste en wild op die plaas Hooikraal, maar is van plan om meer op die wilddedryf te konsentreer. U is ook van plan om naweek akkommodasiegeriewe op te rig.
- U besef dat ontwikkeling nodig is, maar dat dit wel negatiewe impakte op die privaatgrondeienaar gaan hê.
- U is van mening dat die area die ontwikkeling nodig het om werk te skep om die stygende werkloosheidsyfer te verminder.
- U ondervind wel soms las van reuke van die myn, maar aangesien die myn voor u in die area was kan u nie daarvoor kla nie.
- U hoor soms die kragstasie.
- U besit die grond al 20 jaar en dit is dus vir u 'n pensioen. Hierdie pensioen kom egter in gedrang indien daar 'n kragstasie naby u grond opgerig word. Die waarde van u eiendom sal onmiddelik daal wat negatiewe finansiële impakte vir u sal meebring.
- Indien die kragstasie op die plaas Eenzaamheid gebou word is daar net een plaas tussen u en die kragstasie. U sal dus nie u grond kan verkoop nie.


- Eskom sal die grondeienaar moet kompenseer vir die negatiewe impak op die grondwaarde, aangesien u nie die ligging van die kragstasie sal kan beïnvloed nie.
- U is bekommerd oor die moontlike oprigting van addisionele steenkoolmyne wat aan die nuwe kragstasie sal voorsien.
- Addisionele kraglyne is ook 'n bron van kommer.

Bohlweki Environmental wil u bedank vir die tyd wat u beskikbaar gestel het om met 'n lid van die projekspan te vergader. Die inligting aan ons verskaf sal by die Omgewingsbestekopname studie ingesluit word. Ons versoek u dus om die voorafgaande inligting te hersien om sodoende te verseker dat u kommentaar korrek genotuleer word. Enige wysigings of korreksies moet aan die dokument aangebring word en verkieslik binne 14 dae aan Me. Ingrid Snyman by Bohlweki Environmental teruggestuur word.

Byvoorbaat dank

Me. Ingrid Snyman
Openbare Deelname konsultant

271 Monte Carlo Crescent
Kyalami Park
KYLAMI, 1684
Telephone +27 (11) 466-3841
Fax +27 (11) 466 3849
E-mail: info@bohlweki.co.za
Web Site: www.bohlweki.co.za



PO Box 11784
Vorna Valley
MIDRAND
1686
Gauteng
SOUTH AFRICA

29 Julie 2005

Mnr. J. van Rooyen

Eienaar: Plaas Kalkfontein
Posbus 585
Lephalale
0555

Faks: 014-763 9466

E-pos: johanvrooyen@kumbaresources.com

Geagte Mnr. van Rooyen

**OMGEWINGSIMPAKSTUDIE VIR DIE VOORGESTELDE NUWE STEENKOOL
AANGEDREWE KRAGSTASIE IN DIE LEPHALALE AREA, LIMPOPO PROVINSIE**

U vergadering met Me. Ingrid Snyman van Bohlweki Environmental op 21 Junie 2005 het verwysing.

Agtergrondinligting rakende die projek en Omgewingsimpakbepaling studie (OIB) is aan u verskaf. U kommentaar rakende die voorgestelde projek is as volg genotuleer:

- U boer met beeste en wild en woon op die plaas Kalkfontein.
- U ontvang plaaslike en oorsese jagters op u grond en het geriewe waar sulke jagters kan oornag. Soms oornag die jagters op ander plekke, maar jag wel op u grond.
- U is bekommerd dat die ontwikkeling in die area die grondeienaars gaan wegstoot uit die area, aangesien daar dan geen meer buffer tussen privaatgrondeienaars en die ontwikkelings sal wees nie.
- Behuising vir die werkers tydens die konstruksie en operasionele fase is 'n bron van kommer. Die behuising sal formele behuising moet wees.
- U ondervind alreeds probleme met diefstal en vermoed dat dit deur onwettige plakkers van ander lande uitgevoer word. Die diewe steel vee in die dag, slag dit dan en verkoop dit dan in die aand aan die persone wat van die werk af kom. U boer nie meer met skape nie as gevolg van die veediefstal.
- Die huidige kragstasie veroorsaak geraas besoedeling en die beligting in die aand is ook ongewens.

- Jagters wat die area besoek wil nie 'n kragstasie hoor en die ligte van die kragstasie in die aand sien nie. Die beplande ontwikkeling sal dus 'n besliste negatiewe impak op u jagtery hê.
- U het 'n kampplek vir jagters by 'n dam met 'n uitsig oor die dam. Die kragstasie sal duidelik sigbaar wees van hierdie kampplek af.
- U is alreeds bekommerd oor die verbrandings van die huidige kragstasie (swael) wat kan lei tot besoedeling en vergiftiging van die plante. Die huidige suurreën het alreeds 'n baie negatiewe impak op die plantegroei in die area.
- U sal die ashoop wel van u eiendom kan sien indien dit op die plaas Zongesien ontwikkel word.
- U sal nie graag die aktiwiteite van die kragstasie en ashoop naby u grense wil hê nie.
- U is bekommerd oor die impak van die kragstasie op die water.
- Die Sandloop strek deur talle plase waar die boere gronddamme het. Die ashoop kan dus nie oor hierdie loop ontwikkel word nie.
- Die ashoop se stof sal oor u grond waai en 'n baie negatiewe impak op u eiendom en plantegroei hê.
- U wil weet watter areas gebruik gaan word vir toegangspaaie na die nuwe kragstasie. Indien dit deur die plaas Droogeheuvel gaan wees sal dit die impak op u eiendom vererger.
- U eiendomswaarde sal definitief verminder indien die beplande kragstasie op Appelviakte of Nelsonskop ontwikkel word.

Bohlweki Environmental wil u bedank vir die tyd wat u beskikbaar gestel het om met 'n lid van die projekspan te vergader. Die inligting aan ons verskaf sal by die Omgewingsbestekopname studie ingesluit word. Ons versoek u dus om die voorafgaande inligting te hersien om sodoende te verseker dat u kommentaar korrek genotuleer word. Enige wysigings of korreksies moet aan die dokument aangebring word en verkieslik binne 14 dae aan Me. Ingrid Snyman by Bohlweki Environmental teruggestuur word.

Byvoorbaat dank

Me. Ingrid Snyman
Openbare Deelname konsultant

271 Monte Carlo Crescent
Kyalami Park
KYALAMI, 1684
Telephone +27 (11) 466-3841
Fax +27 (11) 466 3849
E-mail: info@bohlweki.co.za
Web Site: www.bohlweki.co.za



PO Box 11784
Vorna Valley
MIDRAND
1686
Gauteng
SOUTH AFRICA

29 July 2005

Clr. T. Mmoya
Ward Councillor: Marapong
PO Box 4660
Enkelbult
0556

E-mail: titus.mmoya@kumbaresources.com

ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT PROCESS FOR THE PROPOSED NEW COAL-FIRED POWER STATION IN THE LEPHALALE AREA, LIMPOPO PROVINCE

The meeting with Ms. Ingrid Snyman of Bohlweki Environmental on 8 June 2005 refers.

Background information regarding the proposed project and Environmental Impact Assessment (EIA) were provided to you. Your comments regarding the proposed project were noted as follows:


- You are of the opinion that the concerns from the Marapong community regarding the proposed project would primarily revolve around air and noise pollution, and the impact of these on the health of the communities. This is due to the fact that those living in close proximity to the existing Matimba Power Station frequently raise these issues as being of concern.
- Meetings with these communities would be required to address the health impact issues. Any possible air pollution should be explained in layman's terms.
- You suggested that the following meetings should be held with the community and representatives from Marapong:
 - A community meeting held at a venue in Marapong;
 - A meeting with the various stakeholders in Marapong;
 - A meeting with the workers e.g. the National Union of Mineworkers (NUM); and
 - Members of the project team should attend a scheduled ward committee meeting.
- You indicated that we should also contact the following Interested and Affected Parties (I&APs):
 - Mr. J. Marakalala: Branch Secretary of NUM at telephone: 073 256 1379; and
 - The Marapong Development Association.

Bohlweki Environmental would like to thank you for allowing time to meet with a member of the project team. The information provided to us would form part of the Environmental Scoping Study Report. We therefore request you to review the above information to ensure that your comments were noted correctly. Any amendments or corrections should be indicated on the document and be forwarded to Ms. Ingrid Snyman at Bohlweki Environmental within 14 days.

Kind regards

Ms. Ingrid Snyman
Public Participation consultant

271 Monte Carlo Crescent
Kyalami Park
KYALAMI, 1684
Telephone +27 (11) 466-3841
Fax +27 (11) 466 3849
E-mail: info@bohlweki.co.za
Web Site: www.bohlweki.co.za



PO Box 11784
Vorna Valley
MIDRAND
1686
Gauteng
SOUTH AFRICA

29 Julie 2005

Mnr. J.J. Thuynsma
Eienaar: Plaas Kuipersbult & Eenzaamheid
Posbus 300
Lephalale
0555

Geagte Mnr. Thuynsma

**OMGEWINGSIMPAKSTUDIE VIR DIE VOORGESTELDE NUWE STEENKOOL
AANGEDREWE KRAGSTASIE IN DIE LEPHALALE AREA, LIMPOPO PROVINSIE**

U vergadering met Me. Ingrid Snyman van Bohlweki Environmental op 9 Junie 2005 het verwysing.

Agtergrondinligting rakende die projek en Omgewingsimpakbepaling studie (OIB) is aan u verskaf. U kommentaar rakende die voorgestelde projek is as volg genotuleer:

- U boer met beeste op die plase Kuipersbult en Eenzaamheid.
- U sal eerder u grond verkoop aan Eskom as om die grondeienaar langs 'n kragstasie te wees
- U jag nie op die grond nie en is van mening dat Eenzaamheid wel u beter plaas is. Die wild op die grond word dus tot 'n mate beskerm.
- Die geraas en dreuning van die bestaande kragstasie is wel soms steurend.
- U is bekommerd oor die lugkwaliteit.
- U is van mening dat die plaas Eenzaamheid meer geskik sal wees vir 'n kragstasie aangesien die kragstasie die gasse van die myn sal verdryf deur middel van die lugturbulensie wat deur die kragstasie se uitlaatgasse veroorsaak word.
- Die plaas Kuipersbult het 5 kraglyne wat oor die grond gaan.
- U het een werker op die plaas wat ongeveer een jaar al daar werk.


Bohlweki Environmental wil u bedank vir die tyd wat u beskikbaar gestel het om met 'n lid van die projekspan te vergader. Die inligting aan ons verskaf sal by die Omgewingsbestekopname studie ingesluit word. Ons versoek u dus om die voorafgaande inligting te hersien om sodoende te verseker dat u kommentaar korrek genotuleer word. Enige wysigings of korreksies moet aan die dokument aangebring word

en verkieslik binne 14 dae aan Me. Ingrid Snyman by Bohlweki Environmental teruggestuur word.

Byvoorbaat dank

Me. Ingrid Snyman
Openbare Deelname konsultant

271 Monte Carlo Crescent
 Kyalami Park
 KYALAMI, 1684
 Telephone +27 (11) 466-3841
 Fax +27 (11) 466 3849
 E-mail: info@bohlweki.co.za
 Web Site: www.bohlweki.co.za



PO Box 11784
 Vorna Valley
 MIDRAND
 1686
 Gauteng
 SOUTH AFRICA

29 Julie 2005

Vir aandag: Mnr. en Mev. G. Erasmus
 Mnr. H. Steenekamp

BYWONING:

NAAM	ORGANISASIE	TELEFOON	FAKS	E-POS	POSADRES
Mnr. Gideon en Mev. Adrie Erasmus	Grondeienaar: Zaagput Maaiamazamshoek Kalkvlakte Majamazynkoppie	014-766 0151	Geen	gideonzput@ elkomsa.net	Posbus 228 Lephalale 0555
Mnr. Hardus Steenekamp	Grondeienaar: Elandsbosch, Minnasvlakte, Duikerfontein & Majamazynkoppie Huurder: Jackalsvley	014-766 0072	014-766 0072	Pgsteen@lant ic.net	Posbus 683 Lephalale 0555

**OMGEWINGSIMPAKSTUDIE VIR DIE VOORGESTELDE NUWE STEENKOOL
 AANGEDREWE KRAGSTASIE IN DIE LEPHALALE AREA, LIMPOPO PROVINSIE**

U vergadering met Me. Ingrid Snyman van Bohlweki Environmental op 21 Junie 2005 het verwysing.

Agtergrondinligting rakende die projek en Omgewingsimpakbepaling studie (OIB) is aan u verskaf. U kommentaar rakende die voorgestelde projek is as volg genotuleer:

- Die plase Zaagput, Maaiamazamshoek, Kalkvlakte en Majamazynkoppie behoort aan Mnr. en Mev. Erasmus. U boer met beeste en wild. Daar word op u grond gejag deur ander persone in die omgewing wat jagters na u grond bring.
- Die plase Elandsbosch, Minnasvlakte, Duikerfontein en Majamazynkoppie behoort aan Mnr. Steenekamp. U huur ook die plaas Jackalsvley van Sasol. U boer met beeste en wild en ontvang plaaslike en oorsese jagters.


- Die omgewing is uiters sensitief en enige ontwikkeling het 'n negatiewe impak op die omgewing. Die grond is uiters waardevol vir die ontwikkeling van toerisme en ekotoerisme. So 'n kragstasie moet dus in alreeds gedegradeerde areas opgerig word.
- Jagters wil ook nie kragdrade sien of enige geraas van die myn en kragstasie hoor nie. 'n Groot deel van u inkomste word uit jagtery gekry en dit kan dus negatief beïnvloed word indien daar nog 'n kragstasie in die area opgerig word.
- U is van mening dat vorige impakstudies wat slegs 'n 5km radius rondom die myn en kragstasie ingesluit het nie voldoende was nie. Daar moet ook detail metings op u grond gedoen word. Gewoonlik word opnames onderneem en meters geïnstalleer nadat heelwat probleme ondervind is.
- U is van mening dat die huidige ontwikkelings en toekomstige ontwikkelings 'n baie negatiewe impak op die water het.
- U besef dat die kragstasie nodig is vir die ontwikkeling van die land, maar u wil nie verlief neem met so 'n ontwikkeling in die omgewing nie. U kan nie insien dat daar enige positiewe impakte op die grondeienaars kan wees met die oprigting van 'n kragstasie nie. Die natuur is nog redelik ongeskonde in die Lephalale area, maar indien nog 'n kragstasie gebou gaan word gaan dit definitief nie meer die geval wees nie.
- Daar word verwag van Suid-Afrika om aan Afrika krag te voorsien, maar die grondeienaars in die omgewing moet nog steeds met die probleme wat hulle met so 'n fasiliteit ondervind saamleef.
- Die lewenskwaliteit van die grondeienaars in die area gaan definitief negatief beïnvloed word deur die oprigting van 'n kragstasie.
- Beligting is alreeds 'n probleem en u jagters lewer kommentaar daaroor.
- Indien die kragstasie op die plaas Appelvlakte opgerig gaan word gaan u meer lugbesoedeling en stank ondervind as gevolg van die heersende windrigting.
- U het geen miskruiers meer op die grond nie en u wonder of dit nie net nog 'n negatiewe impak van die kragstasie of myn is nie.
- Die waarde van u grond gaan heeltemal tot niet gaan.
- Die paaie word verrinwee deur die toename in die verkeer, asook die swaar voertuie wat tydens die konstruksie gebruik sal word.
- Die reënval het tussen 20% en 30% afgeneem vandat die kragstasie in die area gebou is. 'n Tweede kragstasie gaan hierdie dus net vererger.
- Dit help nie dat die grondeienaars klagtes opper nie, aangesien daar heeltyd aangedui word dat Eskom en Kumba Resources se uitlatings binne die wetlike perke is. Dit is van geen waarde vir die grondeienaars nie, aangesien hulle nog steeds met die negatiewe impakte moet saamleef.
- Die verskillende kragstasies sal mekaar die skuld gee vir die besoedeling en die klagtes van die grondeienaars sal dus nie die nodige aandag ontvang nie.
- U sal graag wil weet hoeveel water so 'n kragstasie gebruik.
- Die groot rolspelers in die area bv. Eskom en Kumba Resources is nie eerlik met die grondeienaars in terme van hul beplanning vir die area nie.

Bohlweki Environmental wil u bedank vir die tyd wat u beskikbaar gestel het om met 'n lid van die projekspan te vergader. Die inligting aan ons verskaf sal by die Omgewingsbestekopname studie ingesluit word. Ons versoek u dus om die voorafgaande inligting te hersien om sodoende te verseker dat u kommentaar korrek genotuleer word. Enige wysigings of korreksies moet aan die dokument aangebring word en verkieslik binne 14 dae aan Me. Ingrid Snyman by Bohlweki Environmental teruggestuur word.

Byvoorbaat dank

Me. Ingrid Snyman
Openbare Deelname konsultant

271 Monte Carlo Crescent
Kyalami Park
KYLAMI, 1684
Telephone +27 (11) 466-3841
Fax +27 (11) 466 3849
E-mail: info@bohlweki.co.za
Web Site: www.bohlweki.co.za



PO Box 11784
Vorna Valley
MIDRAND
1686
Gauteng
SOUTH AFRICA

29 Julie 2005

Mnr. S. van Wyk
Lephalale Munisipaliteit
Divisie Hoof: Water
Privaatsak X 139
Lephalale
0555

Geagte Mnr. Van Wyk

OMGEWINGSIMPAKSTUDIE VIR DIE VOORGESTELDE NUWE STEENKOOL AANGEDREWE KRAGSTASIE IN DIE LEPHALALE AREA, LIMPOPO PROVINSIE

U vergadering met Me. Ingrid Snyman van Bohlweki Environmental op 10 Junie 2005 het verwysing.

Agtergrondinligting rakende die projek en Omgewingsimpakbepaling studie (OIB) is aan u verskaf. U kommentaar rakende die voorgestelde projek is as volg genotuleer:

- Die Lephalale Munisipaliteit behoort nie as die Watervoorsieningsowerheid vir die nuwe kragstasie op te tree nie, aangesien die omvang daarvan te groot sal wees.
- Die sosiale aspekte sal 'n baie belangrike deel van die studies vorm aangesien u van mening is dat daar wel heelwat negatiewe sosiale impakte kan materialiseer.
- Die roetes na en van die nuwe kragstasie moet van so aard wees dat die kragstasie maklik toeganklik is.
- Daar is 'n rioolsuiweringswerke op die plaas Zongesien wat op 'n oksidasiestelsel gebaseer is.
- Die idee is om die rioolwerke op die plaas Nelsonskop in die toekoms uit te faseer en dat die rioolwerke op die plaas Zongesien die funksie van die op die plaas Nelsonskop oorneem.
- Daar is 'n gedeelte tussen die bestaande kragstasie en die plaas Turfvlakte wat beskikbaar is vir industriële ontwikkeling. Die gedeelte wat beskikbaar is vir die plasing van industrieë en nywerhede kan moontlik uitgebrei word. Die plasing van 'n kragstasie moet dit dus in ag neem.
- U stel voor dat ons ook vir Mnr. Beyers Havenga van die Departement Waterwese en Bosbou kontak.

Bohlweki Environmental wil u bedank vir die tyd wat u beskikbaar gestel het om met 'n lid van die projekspan te vergader. Die inligting aan ons verskaf sal by die Omgewingsbestekopname studie ingesluit word. Ons versoek u dus om die voorafgaande inligting te hersien om sodoende te verseker dat u kommentaar korrek genotuleer word. Enige wysigings of korreksies moet aan die dokument aangebring word en verkieslik binne 14 dae aan Me. Ingrid Snyman by Bohlweki Environmental teruggestuur word.

Byvoorbaat dank

Me. Ingrid Snyman
Openbare Deelname konsultant

271 Monte Carlo Crescent
Kyalami Park
KYLAMI, 1684
Telephone +27 (11) 466-3841
Fax +27 (11) 466 3849
E-mail: info@bohlweki.co.za
Web Site: www.bohlweki.co.za



PO Box 11784
Vorna Valley
MIDRAND
1686
Gauteng
SOUTH AFRICA

29 Julie 2005

Mnr. H. Pieterse
Eienaar: Plaas Hanglip 508 LQ
Posbus 5238
Onverwacht
0557

Faks: 014-763 5009

Geagte Mnr. Pieterse

OMGEWINGSIMPAKSTUDIE VIR DIE VOORGESTELDE NUWE STEENKOOL AANGEDREWE KRAGSTASIE IN DIE LEPHALALE AREA, LIMPOPO PROVINSIE

U vergadering met Me. Ingrid Snyman van Bohlweki Environmental op 22 Junie 2005 het verwysing.

Agtergrondinligting rakende die projek en Omgewingsimpakbepaling studie (OIB) is aan u verskaf. U kommentaar rakende die voorgestelde projek is as volg genotuleer:

- U is die grondeienaar van die plaas Hanglip. U boer met beeste en woon ook op die grond. U ontvang soms jagters.
- U ervaar tans geraasbesoedeling as gevolg van die vervoerband wat oor u grond gaan. U hoor soms die dreuning van die kragstasie.
- Die huidige ashope en vervoerband se stof is 'n probleem.
- Die suurreën het 'n definitiewe impak op die grond en plantegroei wat deur die oprigting van nog 'n kragstasie vererger sal word.
- U grond sal nou in die middel van die ontwikkeling wees en dit sal vir u meer voordelig wees as die grond uitgekoop word.
- U is bekommerd oor die toekomstige netwerk soos addisionele kraglyne wat ook u eiendom kan beïnvloed.
- Indien u omring is deur die verskeie ontwikkelings sal u nie met u jagbedrywighede kan voortgaan nie.


- U ondervind alreeds probleme met diefstal van vee, betreding van u eiendom en die span van strikke. Daar is 'n onvermoë van Eskom om oortreders te verhoed om privaateiendom te betree. Meeste van die oortreders kom die eiendom deur Eskom se grond binne. Hierdie probleem sal dus net vererger word.

Bohlweki Environmental wil u bedank vir die tyd wat u beskikbaar gestel het om met 'n lid van die projekspan te vergader. Die inligting aan ons verskaf sal by die Omgewingsbestekopname studie ingesluit word. Ons versoek u dus om die voorafgaande inligting te hersien om sodoende te verseker dat u kommentaar korrek genotuleer word. Enige wysigings of korreksies moet aan die dokument aangebring word en verkieslik binne 14 dae aan Me. Ingrid Snyman by Bohlweki Environmental teruggestuur word.

Byvoorbaat dank

Me. Ingrid Snyman
Openbare Deelname konsultant

271 Monte Carlo Crescent
Kyalami Park
KYLAMI, 1684
Telephone +27 (11) 466-3841
Fax +27 (11) 466 3849
E-mail: info@bohlweki.co.za
Web Site: www.bohlweki.co.za



PO Box 11784
Vorna Valley
MIDRAND
1686
Gauteng
SOUTH AFRICA

29 Julie 2005

Mnr. T. Nel

Eienaar: Plaas Schrikvoorby 445 LQ en Makouwpan 443 LQ
Posbus 246
Lephalale
0555

Faks: 014-763 3058

E-pos: sawildsa@xsinet.co.za

Geagte Mnr. Nel

**OMGEWINGSIMPAKSTUDIE VIR DIE VOORGESTELDE NUWE STEENKOOL
AANGEDREWE KRAGSTASIE IN DIE LEPHALALE AREA, LIMPOPO PROVINSIE**

U vergadering met Me. Ingrid Snyman van Bohlweki Environmental op 22 Junie 2005 het verwysing.

Agtergrondinligting rakende die projek en Omgewingsimpakbepaling studie (OIB) is aan u verskaf. U kommentaar rakende die voorgestelde projek is as volg genotuleer:

- U is die grondeienaar van 'n gedeelte van die plaas Schrikvoorby en die plaas Makouwpan. U boer met wild en beeste en ontvang jaarliks oorsese jagters vanaf Maart tot September.
- U is gekant teen die voorgestelde ontwikkeling aangesien u die negatiewe impakte van so 'n ontwikkeling alreeds ervaar het met die oprigting van die bestaande Matimba kragstasie.
- U was die vorige eienaar van die plase Zongesien en Peerboom. Die ontwikkeling en die sosiale probleme wat daarmee gepaard gaan het u uit die area verdryf na u huidige plase. Die ontwikkeling is egter weer eens besig om nader te beweeg.
- In terme van landbou praktyke is daar geen samewerking wat grondeienaars van konstruksie en permanente werkers kan verwag nie. Voorheen was daar onwettige betreding van u grond, die span van strikke, diefstal van vee en wild, onwettige jagtery, brandstigting, asook die diefstal van hout. Die plantegroei was uitgeroei weens die afkapping van bome. 'n Lewensvatbare boerdery langs so 'n ontwikkeling is dus glad nie moontlik nie.


- Die wrede wyse waarop diere van naby geleë plase aangerand, doodgemaak en uitgewis word is totaal en al onaanvaarbaar.
- Daar is geen beheer oor die beweging van mense op privateiendom nie en die negatiewe impakte wat met die toestroming van werkers en werkloses gepaard gaan kan dus nie versag word nie. Die Munisipaliteit, Eskom en/of Kumba Resources kan nie die persone beheer nie.
- U is van mening dat dieselfde probleme dus net weer eens deur die aanliggende grondeienaars ervaar sal word.
- As gevolg van die stof en lugbesoedeling, asook die heersende windrigting is u van mening dat 'n nuwe kragstasie aan die weste kant of suid-weste kant van die bestaande kragstasie opgerig moet word.
- In die wintermaande draai die wind en dan kan mens die oksidasie van die steenkool duidelik op u eiendom ook ruik.
- Die oorsese jagters wil nie die kragstasie hoor of sien nie.
- Die huidige kragstasie, ashope en mynaktiwiteite is alreeds duidelik sigbaar van u eiendom af.
- Die beligting is alreeds 'n negatiewe impak en 'n addisionele kragstasie sal hierdie impak vererger.
- Die werkskeppingsgeleenthede wat met so 'n projek gepaard gaan is 'n positiewe aspek, maar die skade aan die natuur is onherstelbaar.
- U is van mening dat die grondeienaars se kommentaar van geen waarde is nie en dat die ontwikkeling wel sal voortgaan. Die kragstasie sal dus wel gebou word en die mynbedrywighede sal vergroot word.

Bohlweki Environmental wil u bedank vir die tyd wat u beskikbaar gestel het om met 'n lid van die projekspan te vergader. Die inligting aan ons verskaf sal by die Omgewingsbestekopname studie ingesluit word. Ons versoek u dus om die voorafgaande inligting te hersien om sodoende te verseker dat u kommentaar korrek genotuleer word. Enige wysigings of korreksies moet aan die dokument aangebring word en verkieslik binne 14 dae aan Me. Ingrid Snyman by Bohlweki Environmental teruggestuur word.

Byvoorbaat dank

Me. Ingrid Snyman
Openbare Deelname konsultant

271 Monte Carlo Crescent
Kyalami Park
KYLAMI, 1684
Telephone +27 (11) 466-3841
Fax +27 (11) 466 3849
E-mail: info@bohlweki.co.za
Web Site: www.bohlweki.co.za



PO Box 11784
Vorna Valley
MIDRAND
1684
Gauteng
SOUTH AFRICA

29 Julie 2005

Dr. A. Moolman
Eienaar: Plaas Welgevonden & Gedeelte van Schrikvoorby
Eenheid 3
Maraisstraat 378
Brooklyn
0181
Tel & Faks: (012) 346 3925

Geagte Dr. Moolman

OMGEWINGSIMPAKSTUDIE VIR DIE VOORGESTELDE NUWE STEENKOOL AANGEDREWE KRAGSTASIE IN DIE LEPHALALE AREA, LIMPOPO PROVINSIE

U vergadering met Me. Ingrid Snyman van Bohlweki Environmental op 21 Julie 2005 het verwysing.

Agtergrondinligting rakende die projek en Omgewingsimpakbepaling studie (OIB) is aan u verskaf. U kommentaar rakende die voorgestelde projek is as volg genotuleer:

- U boer met wild op die plaas Welgevonden en 'n gedeelte van Schrikvoorby. U ontvang gereeld oorsese jagters en het onlangs uitsonderlike wildspesies aangeskaf.
- U is bekommerd oor die volgende negatiewe impakte en wil graag weet watter navorsing alreeds in die verband onderneem is:
 - **Erosie op ystergoedere:** U ondervind geweldige erosie op u ystergoedere, bv. wildheining as gevolg van die suurreën wat deur die aktiwiteite van of Eskom en/of die Kumba Resources Grootegeluk myn veroorsaak word. Die privaateienaars in die omgewing moet dus addisionele onkoste aangaan om hul heining te onderhou. Indien 'n addisionele kragstasie opgerig word sal die probleem dus vererger. U wil weet wie aanspreeklikheid vir die finansiële "skade" wat hul ly sal aanvaar en hoe die privaateienaars daarvoor vergoed gaan word.
 - **Besoedeling:** U ondervind alreeds geraasbesoedeling wat in die nag duidelik hoorbaar is (bv. voertuie se geraas). U is ook baie bekommerd oor die bestaande lugbesoedeling wat deur stofdeeltjies en die gasse veroorsaak word. Die stof wat vanaf die ashope kom is veral in Augustus 'n probleem. Die bestaande kragstasie het 'n visuele impak en die oorsese jagters wat u eiendom

besoek lewer negatiewe kommentaar daaroor aangesien dit 'n impak op hul "Afrika" of "jag" ervaring het. Sulke ervarings beïnvloed dus die hele eko-toerisme bedryf. Indien 'n addisionele kragstasie opgerig word sal die besoedeling dus vermeerder en vererger word.


- **Eko-toerisme:** 'n Addisionele kragstasie in die area sal die hele eko-toerisme bedryf negatief beïnvloed, aangesien oorsese jagters nie meer die area sal wil besoek nie.
- **Addisionele infrastruktuur:** U het alreeds 'n kragdraad oor u gedeelte van die plaas Schrikvoorby. U kan dus nie hierdie gedeelte van u plaas benut nie aangesien die helikopter nie daar kan vlieg om die wild te vang nie. Die elektromagnetiese velde van die kragrade het ook 'n negatiewe impak op die reproduksiepatrone van diere.
- **Aardverwarming:** U wil weet of daar enige navorsing gedoen is rakende die effek van hittegenerering op die plaaslike weer. U is ook bekommerd oor die CO en CO₂ wat uitgeskei word en die impak daarvan. U wil weet of die uitskeidings aan die nodige regulasies voldoen.
- **Reënval:** Daar is tans gedeeltes op u plase waar dit baie min reën. Nader aan die kragstasie is daar weer meer reën. Die lokale weerpatroon is dus alreeds deur die bestaande kragstasie versteur. U wil weet of daar enige navorsing rakende die impak van die bestaande en toekomstige kragstasie op die lokale weerpatrone onderneem is.
- **Sosiale probleme:** Daar is alreeds probleme met die diefstal van wild, asook die stel van strikke en steel van hout in die omgewing. Hierdie probleme sal vererger indien daar meer "agtergeblewenes" in die area is.
- U wil vervolgens weet of die addisionele krag vir Suid-Afrika gegenereer sal word en of dit weer na Zimbabwe sal gaan. U is van mening dat die tekort aan krag in Suid-Afrika opgelos kan word deur nie meer aan Afrika lande krag te voorsien indien hul nie daarvoor betaal nie.
- U het 'n padserwituut op die grens van Droogeheuvel wat ter sprake sal kom indien Droogeheuvel gebruik word vir die storting van die as. U wil dus weet wat die impak op u serwituut sal wees.

Bohlweki Environmental wil u bedank vir die tyd wat u beskikbaar gestel het om met 'n lid van die projekspan te vergader. Die inligting aan ons verskaf sal by die Omgewingsbestekopname studie ingesluit word. Ons versoek u dus om die voorafgaande inligting te hersien om sodoende te verseker dat u kommentaar korrek genotuleer word. Enige wysigings of korreksies moet aan die dokument aangebring word en verkieslik binne 14 dae aan Me. Ingrid Snyman by Bohlweki Environmental teruggestuur word.

Byvoorbaat dank

Me. Ingrid Snyman
Openbare Deelname konsultant

271 Monte Carlo Crescent
Kyalami Park
KYALAMI, 1684
Telephone +27 (11) 466-3841
Fax +27 (11) 466 3849
E-mail: info@bohlweki.co.za
Web Site: www.bohlweki.co.za



PO Box 11784
Vorna Valley
MIDRAND
1686
Gauteng
SOUTH AFRICA

29 July 2005

Mr. Alan Malherbe
Farm Droogeheuvel
PO Box 7131
Onverwacht
0557

Fax: 014-763 3187

Dear Mr. Malherbe

ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT PROCESS FOR THE PROPOSED NEW COAL-FIRED POWER STATION IN THE LEPHALALE AREA, LIMPOPO PROVINCE

The meeting with Ms. Ingrid Snyman of Bohlweki Environmental on 10 June 2005 refers.

Background information regarding the proposed project and Environmental Impact Assessment (EIA) were provided to you. Your comments regarding the proposed project were noted as follows:

- You are the property owner of the farm Droogeheuvel and are permanently residing on the farm.
- You have various game species on the property, which include impala, blesbuck, kudu, waterbuck, zebra, giraffe, gemsbok, eland, steenbuck, duiker, blue wildebeest, duiker, tsessebe and ostriches. The habitat of the property is unique due to the variation in soil types and there is sufficient water available on the property.
- You employ a manager, as well as five other workers.
- Numerous foreign hunters visit the property during hunting season. You have two accommodation facilities for the guests, as well as various other infrastructure for your hunting business.
- You are opposed to the proposed development on your property, or on an adjacent farm, as you believe that it will be negative for your property and business. You stated that you would need to sell the farm to Eskom (as no one else would be interested in purchasing it) and move elsewhere, which would be highly inconvenient. You stated that it would take you approximately five years to settle on another property and establish what you have on Droogeheuvel.

- The game would have to be captured and moved to a new property, which would have a negative impact on the animals and their breeding patterns.
- Foreign hunters would not want to hunt on a property adjacent to two power stations.
- Another power station could blow fly ash onto your property.
- You stated that you will not be able to continue to use your farm for your business should the proposed power station be erected on the farms Appelvlakte or Nelsonskop.
- The noise impact of the existing power station is already high and an additional power station would definitely increase this negative impact.
- You are concerned about the volumes of water needed for another power station as well as the impact on the roads during the construction phase of such a project.

Bohlweki Environmental would like to thank you for allowing time to meet with a member of the project team. The information provided to us would form part of the Environmental Scoping Study Report. We therefore request you to review the above information to ensure that your comments were noted correctly. Any amendments or corrections should be indicated on the document and be forwarded to Ms. Ingrid Snyman at Bohlweki Environmental within 14 days.

Kind regards

Ms. Ingrid Snyman
Public Participation consultant

271 Monte Carlo Crescent
Kyalami Park
KYALAMI, 1684
Telephone +27 (11) 466-3841
Fax +27 (11) 466 3849
E-mail: info@bohlweki.co.za
Web Site: www.bohlweki.co.za



PO Box 11784
Vorna Valley
MIDRAND
1686
Gauteng
SOUTH AFRICA

29 Julie 2005

Mnr. M.F. Loots
Eienaar: Plaas Zongesien: Gedeelte 1
Posbus 290
Lephalale
0555

Geagte Mnr. Loots

OMGEWINGSIMPAKSTUDIE VIR DIE VOORGESTELDE NUWE STEENKOOL AANGEDREWE KRAGSTASIE IN DIE LEPHALALE AREA, LIMPOPO PROVINSIE

U vergadering met Me. Ingrid Snyman van Bohlweki Environmental op 21 Junie 2005 het verwysing.

Agtergrondinligting rakende die projek en Omgewingsimpakbepaling studie (OIB) is aan u verskaf. U kommentaar rakende die voorgestelde projek is as volg genotuleer:

- U boer met beeste, wild en bokke en woon op die plaas Zongesien.
- U ontvang plaaslike en oorsese jagters op u grond.
- U is tans besig om chalets te bou en het aansoek gedoen vir die oprigting van addisionele chalets, 'n funksiesaal en 'n karavaanpark. U het alreeds munisipale water en elektrisiteit vir hierdie doeleindes aangelê.
- U het geen werkers wat op u grond woon nie en ook geen grondeise nie.
- U het onlangs addisionele wild aangekoop.
- U plaas het 'n verskeidenheid tipes habitat wat die grond meer waardevol maak.
- Die natuurlike dam op u grond het baie positiewe aspekte tot gevolg. U ontwikkeling is juis rondom hierdie dam gekonsentreer. Die dam word deur die spruit gevoed en u het 'n keerwal wat oopgemaak kan word wanneer dit baie reën.
- Die feit dat daar geen kraglyne op die grond is nie veroorsaak dat die grond hom tot heelwat aktiwiteite kan verleen.
- Die boorgate verskaf nie baie water nie.
- Indien Zongesien die geskikte eiendom is vir die storting van die as, is u van mening dat die as op die "suidelike" (onderste) gedeelte van Zongesien gestort sal word. Die boonste gedeelte kan nie gebruik word nie aangesien daar kraglyne oor die gedeelte van die grond strek en die ander gedeelte weer deur die rioolwerke in beslag geneem word.

Directors: M R Maruma (Chairman) G A Moon (Managing) M J Freeman F M E Wibberley Ms T Harrington (Alternate)


- Storting van as op die plaas Droogeheuvel is ook problematies as gevolg van die heersende windrigting. Die as sal oor u grond gewaai word.
- Jagtery langs 'n kragstasie kan problematies wees. Verdwaalde koeëls kan 'n risiko vir werkers wees.
- U is van mening dat die oprigting van die beoogde kragstasie op die plaas Appelvlakte nie 'n negatiewe impak op u eiendom sal hê nie. Die oprigting van 'n ashoop op die plaas Droogeheuvel sal egter steeds 'n baie negatiewe impak op u grond tot gevolg hê as gevolg van die heersende windrigting.
- Die suurreën wat tans in die omgewing ervaar word veroorsaak dat die grens- en lyndrade baie vinnig roes. 'n Addisionele kragstasie kan die probleem vererger.
- Indien die kragstasie op Eenzaamheid of Naauwontkomen opgerig word sal dit weer eens 'n negatiewe impak op die grondeienaars na die suide van die eiendomme hê.
- U wil meer inligting rakende die tydskaal en bevindinge van die studies hê, aangesien dit 'n impak op u ontwikkeling sal hê.
- Die kontrakteurs sal moontlik van u fasiliteite kan gebruik maak tydens die konstruksieperiode.
- Die beweging van konstruksiewerkers skep egter sekere probleme in die omgewing.
- U ondervind alreeds probleme met onwettige jag deur mense en hul honde op u grond. Daar word ook vreeslik baie strikke gestel.
- Indien die onwettige jagters die wild in 'n hoek dryf, breek die diere, veral die koedoes, die drade. Dit veroorsaak baie werk vir u as grondeenaar om al die wilddrade dan te herspan.
- Elektriese drade hou nie ongewenste elemente van u grond af nie.
- U het ook al kinders op u eiendom gevind wat die plaas aan die brand steek.
- U is van mening dat die negatiewe impakte wat u tans ervaar tydens die konstruksieperiode van die voorgestelde kragstasie vererger sal word.

Bohlweki Environmental wil u bedank vir die tyd wat u beskikbaar gestel het om met 'n lid van die projekspan te vergader. Die inligting aan ons verskaf sal by die Omgewingsbestekopname studie ingesluit word. Ons versoek u dus om die voorafgaande inligting te hersien om sodoende te verseker dat u kommentaar korrek genotuleer word. Enige wysigings of korreksies moet aan die dokument aangebring word en verkieslik binne 14 dae aan Me. Ingrid Snyman by Bohlweki Environmental teruggestuur word.

Byvoorbaat dank

Me. Ingrid Snyman
Openbare Deelname konsultant

271 Monte Carlo Crescent
Kyalami Park
KYALAMI, 1684
Telephone +27 (11) 466-3841
Fax +27 (11) 466 3849
E-mail: info@bohlweki.co.za
Web Site: www.bohlweki.co.za



PO Box 11784
Vorna Valley
MIDRAND
1686
Gauteng
SOUTH AFRICA

29 July 2005

For attention: Mr. D. De Ridder
Mr. A. Bower
Mr. E. Badenhorst
Ms. M. Cocquyt

ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT PROCESS FOR THE PROPOSED NEW COAL-FIRED POWER STATION IN THE LEPHALALE AREA, LIMPOPO PROVINCE

The meeting with Ms. Ingrid Snyman of Bohlweki Environmental on 9 June 2005 refers.

Background information regarding the proposed project and Environmental Impact Assessment (EIA) were provided to you. Your comments regarding the proposed project were noted as follows:

- Mr. D. de Ridder indicated that Marapong is larger than indicated on the map provided as a result of the new RDP housing schemes which have been implemented.
- The proposed power station on the farm Nelsonskop would be a suitable option for the Municipality, as the southern part of the farm Zongesien and the farm Peerboom (up to the boundary with the farm Eendracht) forms part of the planning for future township development.
- It is expected that the farms Droogeheuveld and Zongesien would be negatively affected by the "smoke" and noise pollution.
- The Lephalale Municipality would prefer "compact" development in one area to avoid the need for additional roads and infrastructure to be developed into a "new" area, and to ease the management of such a compact area.
- The findings from a socio-economic impact assessment would be critical for the Lephalale Municipality for planning purposes.
- It is expected that the proposed development would have a severe impact on the provision of services e.g. housing, health care facilities, schools etc. It could also create numerous social problems.
- Representatives of the Lephalale Municipality foresee significant problems in terms of the requirement for increased provision of services. They would, for example have to provide additional housing in a short period of time without obtaining an income from that for several years. The Municipality would have to provide "bridging finance" which in turn could create a huge financial burden on the Municipality.

- There is only one route to the existing power station. With the construction of another power station, additional roads would be required.
- The movement of heavy vehicles damage the local roads, and speeding through town is also a concern.
- The southern bypass (P198-1) to the south of Lephalale should be constructed to limit the negative traffic impacts anticipated through town.
- Provincial roads to Lephalale would have to be upgraded prior to the construction period.
- The future provision of water is a source of concern. Additional pipelines and a dam would most probably have to be constructed.
- It is anticipated that a significant number of the potential workforce would be sourced from the Mokorong area approximately 40 km from Lephalale near Marken. Movement of the workforce from the source area to Lephalale was raised as a concern.
- Due to the proposed development and the movement of workers and vehicles, the construction of the northern bypass could also become more urgent.
- The bridges across the Mogol and Tamboti Rivers would have to be reconstructed in order to accommodate the increase in traffic.
- Noise and lighting might be concerns raised by the Marapong community.
- The Lephalale Municipality (formerly known as the Ellisras Municipality) did not exist when the Matimba Power Station was constructed, but they have had to manage the social challenges created by the power station.
- The IDP planning process would have to be adapted to accommodate the challenges that would be created for the municipality through the construction of a second power station.
- It was suggested that a meeting be held with all the heads of the departments of the Lephalale Municipality, including some Portfolio councillors.
- It was suggested that we include the following Interested and Affected Parties (I&APs) on the database:
 - Mr. Hans Kruger: Irrigation Board;
 - Mr. Johan Erasmus: Representative of the Palala Business Chamber

Bohlweki Environmental would like to thank you for allowing time to meet with a member of the project team. The information provided to us would form part of the Environmental Scoping Study Report. We therefore request you to review the above information to ensure that your comments were noted correctly. Any amendments or corrections should be indicated on the document and be forwarded to Ms. Ingrid Snyman at Bohlweki Environmental within 14 days.

Kind regards

Ms. Ingrid Snyman
Public Participation Consultant

ATTENDANCE:

NAME	ORGANISATION	TELEPHONE	FAX	E-MAIL	POSTAL ADDRESS
Mr. D. De Ridder	Lephalale Municipality: Divisional Head: Land Use and Building Control	014-763 2193	014-763 5662	Dries.deridder@lephalale.gov.za	Private Bag X 136 Lephalale 0555
Mr. A. Bower	Lephalale Municipality: Chief Financial Officer	014-763 2193	014-763 5662	Andre.bower@lephalale.gov.za	Private Bag X 136 Lephalale 0555
Mr. E. Badenhorst	Lephalale Municipality: Divisional Head: Environmental Health and Waste Management	014-763 2193	014-763 5662	Martin.reinecke@lephalale.gov.z a	Private Bag X 136 Lephalale 0555
Ms. M. Cocquyt	Lephalale Municipality: Manager: Community Services	014-763 2193	014-763 5662	Maria.cocquyt@lephalale.gov.za	Private Bag X 136 Lephalale 0555

271 Monte Carlo Crescent
Kyalami Park
KYALAMI, 1684
Telephone +27 (11) 466-3841
Fax +27 (11) 466 3849
E-mail: info@bohlweki.co.za
Web Site: www.bohlweki.co.za



PO Box 11784
Vorna Valley
MIDRAND
1686
Gauteng
SOUTH AFRICA

29 July 2005

For attention: Mr. M. Reinecke
Ms. H. Bezuidenhout
Mr. S. Grobler
Mr. F.I. Roux
Mr. F.J. du Plessis
Mr. R. Rorich
Mr. E. Viviers

ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT PROCESS FOR THE PROPOSED NEW COAL-FIRED POWER STATION IN THE LEPHALALE AREA, LIMPOPO PROVINCE

LEPHALALE ENVIRONMENTAL COMMITTEE MEETING

Background information regarding the proposed project and Environmental Impact Assessment (EIA) were provided to the attendants at the Lephalale Environmental Committee meeting held on 9 June 2005. The comments regarding the proposed project were noted as follows:

- Mr. Eddie Viviers (Eskom) noted that the plume of the new proposed power station would most probably not be detected at the existing monitoring stations. An additional ambient monitoring station would be necessary.
- Ms. Hanlie Bezuidenhout (Kumba Resources) enquired which of the various sites were proposed as the most preferred site. Ms. Ingrid Snyman indicated that the specialist studies are still being undertaken and a preferred site would be nominated on completion of the Environmental Scoping Phase of the Environmental Impact Assessment.
- It was asked why Lephalale was chosen as the most suitable area for the construction of a new coal fired power station. It was indicated that Eskom Holdings Limited's screening and feasibility studies identified the coalfields in the Lephalale area as the most viable option for the construction of a new coal fired power station.
- It was noted by the meeting that it would be interesting to see if the emissions comply with the relevant legislation.
- Mr. Roux (Lephalale Municipality) stated that Eskom indicated that a 1800 MW power station was planned and that it was a political decision to construct the power station in the Lephalale area.

Directors: M R Maruma (Chairman) G A Moon (Managing) M J Freeman F M E Wibberley Ms T Harrington (Alternate)



Bohlweki Environmental would like to thank you for the time allowed to present background information regarding the process and project to the attendants of the Lephalale Environmental Committee. The information provided would form part of the Environmental Scoping Study Report. We therefore request you to review the above information to ensure that your comments were noted correctly. Any amendments or corrections should be indicated on the document and be forwarded to Ms. Ingrid Snyman at Bohlweki Environmental within 14 days.


Kind regards

Ms. Ingrid Snyman
Public Participation consultant

ATTENDANCE:

NAME	ORGANISATION	TELEPHONE	FAX	E-MAIL	POSTAL ADDRESS
Mr. M. Reinecke	Lephalale Municipality: Environmental Health Practitioner	014-763 2193	014-763 5662	Martin.reinecke@lephalale.gov.za	Private Bag X 136 Lephalale 0555
Ms. H. Bezuidenhout	Grootegeeluk Mine: Environmental Project Leader	014-763 9288		Hanli.bezuidenhout@kumbaresource.com	Private Bag 85 Lephalale 0555
Mr. S. Grobler	Massenberg	014-766 0068			PO Box 1461 Lephalale 0555
Mr. F.I. Roux	Lephalale Municipality: Divisional Head Parks and Recreation	014-763 2193	014-763 5662		Private Bag X 136 Lephalale 0555
Mr. F.J. du Plessis	French Rural Development	014-763 4035	014-763 4035	janrx@telkomsa.net	PO Box 421 Lephalale 0555
Mr. R. Rorich	Eskom CR & D	011-629 5054	011-629 5291	Ron.rorich@eskom.co.za	Private Bag 40175 Cleveland 2022
Mr. E. Viviers	Eskom Matimba	014-763 8490	014-763 8010	Eddie.viviers@eskom.co.za	Private Bag X 215 Lephalale 0555

271 Monte Carlo Crescent
Kyalami Park
KYALAMI, 1684
Telephone +27 (11) 466-3841
Fax +27 (11) 466 3849
E-mail: info@bohlweki.co.za
Web Site: www.bohlweki.co.za



PO Box 11784
Vorna Valley
MIDRAND
1686
Gauteng
SOUTH AFRICA

29 Julie 2005

Mnr. J.J. Lambrecht
Eienaar: Plaas Eendracht 505 LQ en Fancy 518 LQ
Posbus 305
Lephalale
0555

Tel en Faks: 014-763 3690

Geagte Mnr. Lambrecht

OMGEWINGSIMPAKSTUDIE VIR DIE VOORGESTELDE NUWE STEENKOOL AANGEDREWE KRAGSTASIE IN DIE LEPHALALE AREA, LIMPOPO PROVINSIE

U vergadering met Me. Ingrid Snyman van Bohlweki Environmental op 21 Junie 2005 het verwysing.

Agtergrondinligting rakende die projek en Omgewingsimpakbepaling studie (OIB) is aan u verskaf. U kommentaar rakende die voorgestelde projek is as volg genotuleer:

- Die plase Eendracht 505 LQ en Fancy 518 LQ behoort aan u.
- U boer tans net met wild.
- U is van mening dat die skepping van genoegsame behuising tydens die konstruksie en operasionele periodes 'n probleem gaan wees. Die instroming van meer mense na die area skep ook heelwat sosiale probleme. Dit is vir u 'n bron van kommer.
- U ondervind alreeds probleme met persone wat u eiendom onwettig betree en die wild vang deur strikke te stel en met honde te jag. U het al 'n aantal sake by die polisie aanhanig gemaak en u tot die minister gewend, maar daar word niks aan gedoen nie.
- Addisionele mense in die area sal die probleme dus net vererger.
- Eskom en Kumba Resources doen ook niks aan sulke tipe probleme wat die grondeienaars ervaar nie.
- Daar is 'n geëlektrifiseerde lyn rondom die eiendom gespan, maar daar is nie krag op die lyn nie en dit is dus van geen waarde nie.


- U boer nie meer met beeste nie aangesien u te veel beeste verloor het as gevolg van plastiek wat die diere gevreet het. Die plastiek waai van die munisipale stortingsterrein na u grond.
- Die stortingsterrein bestaan al 18 jaar en dit is vir u 'n groot probleem. Die stortingsterrein kan moontlik vergroot moet word indien daar meer mense na die area stroom. Dit is ook vir u 'n bron van kommer, want dan sal die probleme wat u tans ondervind definitief vererger word. Daar is geen impakstudie vir die stortingsterrein gedoen nie, en die Munisipaliteit besit geen lisensie vir die bedryf daarvan nie.
- Hoe meer oos die kragstasie geplaas gaan word hoe groter gaan die negatiewe impak op u eiendom (lugbesoedeling) wees as gevolg van die heersende windrigting.
- U ondervind tans geraasbesoedeling op die plaas Eendracht.
- U is van mening dat die skep van addisionele paaie heelwat probleme kan veroorsaak.
- Die ontwikkeling van die dorp as gevolg van die toestroming van mense na die area kan ook 'n moontlike negatiewe impak op Eendracht hê.

Bohlweki Environmental wil u bedank vir die tyd wat u beskikbaar gestel het om met 'n lid van die projekspan te vergader. Die inligting aan ons verskaf sal by die Omgewingsbestekopname studie ingesluit word. Ons versoek u dus om die voorafgaande inligting te hersien om sodoende te verseker dat u kommentaar korrek genotuleer word. Enige wysigings of korreksies moet aan die dokument aangebring word en verkieslik binne 14 dae aan Me. Ingrid Snyman by Bohlweki Environmental teruggestuur word.

Byvoorbaat dank

Me. Ingrid Snyman
Openbare Deelname konsultant

271 Monte Carlo Crescent
Kyalami Park
KYALAMI, 1684
Telephone +27 (11) 466-3841
Fax +27 (11) 466 3849
E-mail: info@bohlweki.co.za
Web Site: www.bohlweki.co.za



PO Box 11784
Vorna Valley
MIDRAND
1686
Gauteng
SOUTH AFRICA

29 Julie 2005

Mnr. L. Steyn
Eienaar: Plaas Kromdraai & Grootvallei
Posbus 11
